Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045
E-pos: admin@lnpark.co.za /

'n Blink toekoms begin hier!

NUUSBRIEF 4

9 Februarie 2024

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

ATLETE WAT DEURGEDRING HET NA PE-OOS-ATLETIEKBYEENKOMS
Hartlik geluk aan die onderstaande atlete wat Laerskool Newtonpark by die PE-Oos-atletiekbyeenkoms op 13 Februarie te Gelvandale gaan verteenwoordig:

Naam en Van	Ouderdomsgroep	Item
Robin Klinck	0/10	70m Hekkies
Denelle Wolmarans	0/10	Verspring
Gareth Victor	0/10	80m
Valdimar Freitag	0/10	Gewigstoot
Inge Jukel	0/11	70m Hekkies + Verspring + 80m + 100m
Iané Jukel	0/11	1200m
Ruzaan de Goede	0/11	70m Hekkies
Mikayla Warricker	0/11	Hoogspring
Roelof Campher	0/11	100m + Verspring
Riano Botha	0/11	Gewigstoot
Miané Taylor	0/12	Verspring + 150m
Stefan Hart	0/12	Verspring
Chene Koekemoer	0/13	Verspring
Emma Cloete	0/13	Gewigstoot
Billy Daniels	0/13	80m Hekkies + Verspring
Fourie le Grange	0/13	Gewigstoot

Sterkte aan elke atleet wat gaan deelneem. Ons vertrou dat julle slegs julle beste op die veld sal lewer en die vrug daarvan sal pluk met goeie resultate.

L.O. PERIODES EN SIEKNOTA-PROSEDURE
Graad 1 – 7 leerlinge mag op die dae wat hulle L.O. het, hul L.O. klere skool toe aantrek. Indien die leerling(e) vir enige rede nie L.O. mag doen nie, moet hulle met volle skooldrag skool toe kom en ‘n getekende brief van die ouer/voog of doktersbrief (indien beskikbaar) met verskoning op die dag van die L.O. periode saambring.

BEHEERLIGGAAMVERKIESING
U ontvang **Dinsdag, 13 Februarie 2024,** die kennisgewing van die beheerliggaamverkiesing wat **Donderdag, 7 Maart 2024, van 06:30 tot 16:00 in die skoolsaal plaasvind.** Nominasievorms sal by die kantoor vanaf **Maandag, 19 Februarie 2024,** beskikbaar wees. Vooraf nominasies sluit dan weer **Donderdag 29 Februarie 2024 om 15:00**.

Ons wil alle ouers aanmoedig om die belangrike verkiesing van 7 Maart 2024 in die skoolsaal by te woon.

LUISE EN NETE
Kyk asseblief gereeld vir kopluise. Dit is nie die skool se verantwoordelikheid nie en dit is ‘n verleentheid vir die kinders. Ons het weer Maandag ‘n inspeksie, want dit het onder ons aandag gekom dat kopluise en nete weer ‘n probleem is. Gaan asseblief u eie kind(ers) se hare deur die naweek, om hulle die verleentheid te spaar. Daar is baie doeltreffende middels by apteke beskikbaar. Ons dank u byvoorbaat vir u samewerking i.v.m. die “netelige” probleem.

SNOEPIE-HULP
Die snoepie maak staat op ouerhulp. Persone beskikbaar kan Christa Slabbert by 076 6873 699 skakel.

EKSTRA WEEKLIKSE KRIEKET OEFENSESSIES OP MAANDAE
Daar sal van eerskomende Maandag, 5 Februarie, gratis ekstra krieket oefensessies vir die 0/11 krieketspelers onder leiding van Mnr. Lance Impey by die sportgronde van **17:00 – 18:00** plaasvind. Indien u belangstel kan u direk met Mnr. Impey op 0825779099 kontak maak.

SKOOLTASSE
Ons graad 1-leerlinge moet van die skool se voorgeskrewe tas gebruik maak. Ons het navrae in verband met die koop van nuwe skooltasse ontvang en wil bevestig dat **indien u vir u kind in graad 4 en hoër ‘n nuwe skooltas in die toekoms wil aanskaf, maroen, swart en donkerblou die enigste kleur skooltasse is wat aanvaarbaar is. Die sportsakke mag slegs dié wees wat by die skool se klerewinkel aangeskaf kan word.**

LAERSKOOL NEWTONPARK FACEBOOKBLAD
Besoek gerus ons skool se amptelike facebookblad, @LaerskoolNewtonpark.co.za, die blad se profielfoto is die skoolwapen. Dis lekker om na foto’s te kyk en met ons leerlinge te spog. Bly ook op hoogte met die nuutste gebeure.

SKOOLGELDE 2024
Die volgende wyses van betaling is beskikbaar: **maandelikse debietorder** oor 10 of 11 maande. (Januarie/Februarie – November en is opbetaalbaar voor/op 30 November 2024. ‘n Debietorder kan slegs op ‘n tjek-/spaar-/transmissierekening ingestel word.) U mag ook die **skoolgelde EFT**. Ons beskik ook oor **‘n kaartmasjien** by die skool wat u kan gebruik.

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf, en u bewys van betaling aan fin@lnpark.co.za e-pos.

Alle graad R-gelde is maandeliks vooruitbetaalbaar en nasorggelde is kwartaalliks streng vooruitbetaalbaar. Geen verligting word ten opsigte van hierdie dienste toegestaan nie, aangesien hierdie aktiwiteite deel van die skool se vrywillige program is.

Die betaling van skoolgelde is 'n wetlike verpligting (Staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

KRY KORTING OP SKOOLGELDE
Indien skoolgelde (Graad R – 7) ten volle betaal word voor/op 28 Februarie 2024 sal 'n 10% korting toegestaan word, en indien ten volle betaal word voor/op 31 Mei 2024 'n 5% korting.

ELEKTRONIESE BETALINGS
Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf. U moet ook die bewys van betaling per e-pos aan fin@lnpark.co.za stuur.

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Geniet die naweek saam met jul kinders.

SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:
Die volgende datums moet u asseblief op u kalender aanteken:

Ma – 12 Februarie : Klerewinkel : **07:30 tot 12:00**
Gr. 7-fondsinsameling : Valentynsverkope tydens pouses (Kontant)

Di – 13 Februarie : Senior Koor : **07:25 tot 08:00**
Atletiekbyeenkoms : PE-Oos (Gelvandale)
Gr. 7-fondsinsameling : Valentynsverkope tydens pouses (Kontant)
Tennis: Snr. A Seuns teen Grey C **(w)**
Tennis: Snr. B Seuns teen Blouwaterbaai **(w)**
Tennis: Snr. C Seuns teen Sonop **(w)**
Tennis: Jnr. A Seuns teen Hermitage House **(t)**
Tennis: Jnr. B Seuns teen VP Grey **(w)**
Krieket : 0/9 A+B teen Sunridgepark **(w)**
Beheerliggaamvergadering : **17:00**

Wo – 14 Februarie : Junior Koor : **07:30 tot 08:00**
Klerewinkel : **12:00 tot 14:30**
VALENTYNSDAG (gewone klere): Gr. 7-fondsinsameling
Gr. 7-fondsinsameling : Valentynsverkope tydens pouses (Kontant)
Krieket : 0/13A teen Frans Conradie A **(t)**
Krieket : 0/13B teen Summerwood C **(w)**
Graad 6- en 7-Sokkie om 18:00

Do – 15 Februarie : Senior Koor : **07:25 tot 08:00**
Tennis: Snr. A Meisies teen Herbert Hurd **(t)**
Tennis: Snr. B Meisies teen Lorraine **(w)**
Krieket : 0/11A teen Handhaaf A **(w)**
Krieket : 0/11B teen Excelsior A **(t)**

Vr – 16 Februarie : Junior Koor : **07:30 tot 08:00**
Klerewinkel : **07:30 tot 12:00**
Valentynsdans : OOV

Sa – 17 Februarie : **Swem : C-groep Gala**
Atletiekbyeenkoms : Metro (Oval) L/S

SPORT EN KULTUUR

TENNIS

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
6 Februarie	Senior B	Westering	LNP wen met 14 potte
6 Februarie	Senior C	Mount Pleasant	LNP wen met 30 potte
6 Februarie	Junior A	Summerwood	LNP wen met 1 pot
8 Februarie	Senior A Meisies	St. George's B	LNP wen met 23 potte
8 Februarie	Senior B Meisies	St. Joseph's	St Joseph's wen met 16 potte

KRIEKET

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
5 Februarie	0/11B	Herbert Hurd	LNP kolf eerste en teken 50 lopies aan vir die verlies van 7 paaltjies. Herbert Hurd kolf tweede en teken 51 lopies aan in 17 boulbeurte. Herbert Hurd wen met 6 paaltjies.
6 Februarie	0/13B	Sunridgepark	Sunridge kolf eerste en teken 65 lopies aan. LNP neem 3 paaltjies. LNP kolf tweede en teken 66 lopies aan in 13 boulbeurte en verloor 2 paaltjies. LNP wen met 8 paaltjies. **Beste bouler:** JP Kleu.

			Speler van die wedstryd: Billy Daniels
7 Februarie	0/13A	Frans Conradie	LNP kolf eerste en teken 135 lopies aan. Frans Conradie kolf volgende week. **Beste kolwer:** Roelof met 30 lopies
8 Februarie	0/11A	Handaaf A	Handhaaf kolf eerste en teken 124 lopies aan, almal uit. LNP kolf volgende week. **Beste bouler:** Elmer Kloppers met 4 paaltjies
8 Februarie	0/11B	Willow Academy A	Willow Academy kolf eerste en teken 50 lopies aan. LNP kolf tweede en teken 51 lopies in 9 boulbeurte aan en verloor geen paaltjies. LNP wen met 9 paaltjies

FRAMESBY STRAATMYLE : 31 JANUARIE

Op Woensdag, 31 Januarie het 'n paar van ons leerders aan die "Framesby Straatmyle" deelgeneem. Iané Jukel in graad 5SW het 'n algehele 2de plek in haar ouderdomsgroep behaal en die volgende leerlinge het ook medaljes vir hul deelname ontvang aangesien hulle onder die eerste 20 atlete geëindig het:

- Chanel Schoultz (Graad 7D)
- Chloë Schoultz (Graad 7D)
- Mia Strydom (Graad 7D)

Baie geluk, julle!

ATTIE VAN WYKBYEENKOMS : 3 FEBRUARIE 2024

Hartlik geluk aan Inge Jukel in graad 5SW wat die veelsydigheidstrofee sowel as die beste dogtersatleettrofee by die jaarlikse Attie van Wykbyeenkoms gewen het. Ons is baie trots op haar!

Diskonto Boeke kom besoek
LAERSKOOL NEWTONPARK
Jy is uitgenooi
Uitstalling Tye 2024:
28 Feb [10:00 - 15:00]
29 Feb [07:00 - 14:00]
* Alle ouers is welkom *
Kontant & Kaarte word aanvaar
Vir meer inligting kontak
Andries - 072 953 7996
www.diskontobooks.co.za